Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Verklaring

# Saam is ons veiliger

November 2024

Die Universiteit Stellenbosch (US) is diep bekommerd oor die onlangse veiligheidsvoorvalle wat ons Universiteitsgemeenskap raak, insluitende die tragiese verlies van een van ons studente wat buite die kampus vermoor is. Die veiligheid en welstand van ons studente en personeel bly dus een van die hoogste prioriteite vir die Universiteit.

Vir die Stellenbosse gemeenskap kan dit nie net nog 'n voorval in 'n misdaadgeteisterde land wees nie. Soos met enige tyding van potensiële leed of dreigemente, moet en is dit inderdaad met erns en dringendheid hanteer. Dit spoor ons aan om alles in ons vermoë te doen om die veiligheid van ons studente en personeel te verseker – en om te bepaal waar ons op hierdie aspekte kan verbeter.

## Onmiddellike stappe

In reaksie op die onlangse kommerwekkende voorvalle het die US sy bewusmakingsveldtogte verskerp deur direkte interaksie, sosialemediaboodskappe en WhatsApp-kanale om studente in te lig oor die dienste wat vryelik beskikbaar is om hulle veiligheid op kampus te verseker.

Dit is bo en behalwe ons deurlopende bewusmakings- en aksie-inisiatiewe wat gereelde herinnerings oor beste praktyke en misdaadvoorkomingswenke op die Universiteit se Facebook-blad en Instagram insluit, asook die gereelde bevordering van die Universiteit se **saamstapdiens** wat elke aand vanaf 18:00 beskikbaar is. Studente kan versoek om laat in die aand deur 'n veiligheidsbeampte vergesel te word wanneer hulle tussen geboue of op parkeerterreine **op kampus** stap. Hierdie gratis diens is regdeur die jaar beskikbaar. Dit is afgesien van die Universiteit se daaglikse pendeldienste wat tot 15 minute voor beoogde vertrek bespreek kan word.

'n Bykomende **"saamstap-sneldiens"** is gedurende assesseringstye beskikbaar. Die diens kan gedurende eksamens daagliks vanaf 19:00 op die uur gebruik word.

Die Universiteit hersien ook sy bestaande veiligheidsprosesse om die beste moontlike reaksie op veiligheidskwessies op kampus te verseker.

Verder word 'n studente-indaba beplan om direk met studente in gesprek te tree oor veiligheidskwessies en veiligheidsmaatreëls. Bykomende planne sluit in om 'n opname onder studente en ouers te doen om hulle persepsies oor veiligheid op kampus te bepaal en opsies, soos die gebruik van selfoon-apps, te identifiseer om dit makliker te maak om voorvalle aan te meld of hulp te soek.

Die Universiteit streef ook daarna om sy kommunikasie oor veiligheidsmaatreëls aan studente en ouers te versterk en doen 'n beroep op alle studente om voorvalle onmiddellik by die Universiteit aan te meld aangesien ondersteuning beskikbaar is.

## Veiligheidsmaatreëls

Selfs voordat studente vir die eerste keer voet op kampus sit, prioritiseer die US misdaadvoorkoming en veiligheidsbewustheid as 'n noodsaaklike deel van hulle ervaring. Gedurende Verwelkomingsweek lei Kampussekuriteit inligtingsessies met studenteleiers en groepe nuwelinge, wat hulle inlig oor persoonlike veiligheidspraktyke, selfverdedigingsopleiding en veiligheidshulpmiddels soos die Buzzer- of Namola-app.

Studente word voortdurend deur middel van plakkate, sosialemediaplasings of inligting wat in hulle koshuise en fakulteite versprei word, daaraan herinner om voorkeurroetes op kampus te neem wat 24 uur per dag, sewe dae per week 'n veiligheids-aanwesigheid het; om in stil tye, veral in die aande, in groepe te stap; om nie waardevolle besittings ten toon stel nie en om besittings binne sig en naby jou te hou; om nie op 'n selfoon te loop en praat nie; om nie waardevolle artikels binne sig in 'n voertuig of in die kattebak te laat nie; en om toe te sien dat motors behoorlik gesluit is.

Verder word hulle versoek om alle voorvalle by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en by Kampussekuriteit aan te meld wat leidrade sal opvolg en deeglike ondersoeke sal instel. Dit is uiters belangrik aangesien dit help met beplanningsprosesse en om voorkomende maatreëls te tref.

Die US sal studente help om voorvalle by die betrokke owerhede aan te meld, al het dit nie op kampus plaasgevind nie. Die Universiteit sal studente ook na die toepaslike ondersteuningstrukture verwys, ongeag waar 'n voorval plaasgevind het. Studente moet ook enige verdagte aktiwiteit aanmeld, selfs al het 'n misdaad nie plaasgevind nie.

'n Toegewyde, hoogs opgeleide veiligheidspan patrolleer die terrein van die Universiteit. Hierdie span word deur 'n 24/7- operasionele sentrum ondersteun wat alle noodoproepe hanteer en alarmaktiverings en CCTV-stelsels monitor. Enige verslae oor potensiële leed of dreigemente word met die hoogste vlak van erns en dringendheid hanteer.

**'n Veilige omgewing verseker**

Hierdie voortdurende pogings beklemtoon ons toewyding om 'n veilige omgewing saam met ons vennote op die dorp te bevorder en studente toe te rus met die hulpbronne en kennis wat nodig is om veilig te bly gedurende hulle tyd by die Universiteit.

Hoewel misdaad inderdaad 'n universele bekommernis in ons land is en Stellenbosch nie hiervan vrygestel is nie, sal die US enige hulpbronne mobiliseer wat hy tot sy beskikking het om wetstoepassing in hierdie stryd te ondersteun, aangesien ons glo sukses lê in samewerking.

In hierdie verband het die Universiteit oor die jare 'n sterk vennootskap met plaaslike wetstoepassing en sekuriteitsagentskappe gevestig om omvattende dekking en veiligheid regoor die groter Stellenbosch-gebied te verseker.

Hoewel hierdie samewerking met ander veiligheidsrolspelers in die dorp van uiterste belang is, lê uiteindelike sukses egter daarin dat studente, personeel en die publiek hande vat om aktiewe vennote in hierdie proses te word. Ons moet almal waaksaam en oplettend bly.

Ons wil ouers en studente verseker dat elke moontlike stap gedoen word om 'n veilige omgewing te handhaaf waar studente hulle studie sonder vrees kan voortsit.

Saam is ons veiliger.